

Begrotings vir koring- en kanolavertakkings bestudeer

PIERRE LAUBSCHER, FRANCOIS HUMAN en WYNAND HEUNIS, landbou-ekonomie, Overberg Agri

Vir volhoubare kleingraanboerdery in die Wes-Kaap, is die volg van ‘n goeie wisselboustelsel ‘n voorvereiste. Só ‘n wisselboustelsel bestaan gewoonlik uit koring, lusern of medics en ander kontantgewasse, soos hawer en gars.

Oor die afgelope aantal jare is kanola toenemend in wisselboustelsels gebruik om beter onkruidbeheer van veral grasonkruide toe te pas, met minder siektes en onkruide wat na die opvolggewas (gewoonlik koring) oorgedra word. Daarmee saam het die kanola in sommige jare ook ekonomies goed presteer.

Met die gebruik van kontantgewasse, soos koring en kanola, is dit belangrik dat die winsgewendheid en gelykbreekopbrengste ook jaarliks in ag geneem word. Die moeilikste deel van die vertakkingsbegroting is om die opbrengs en prys van die produk vir die komende jaar te voorspel.

Vir hierdie begrotings is die langtermyn gemiddelde opbrengste vir koring (2,6 ton/ha, 2,8 ton/ha) en kanola (1,5 ton/ha) tussen die westelike, suidelike en oostelike Rûens-gebiede en die middel van die Swartland-gebied gebruik.

Die koringprys (Safex) is beraam op R3 680/ton. Dit is die gemiddeld van die Desember 2014 Safex-prys (Junie tot Desember 2014) en die gemiddeld van die huidige Desember 2015 Safex-prys. Die kanola finale prys vir 2015 is beraam op R4 400/ton, wat ‘n effense sywaartse beweging is vanaf die R4 300 finale prys van 2014.

Direkte insette is volledig begroot met ‘n inflasie-aanpassing waar nodig. Vaste koste is verkry uit gemiddelde finansiële studiegroepsyfers in die gebied. ‘n Produsent wat so ‘n begroting gebruik, moet bewus wees dat begrotings en die aannames wat daarmee saamgaan, gedurig kan verander.

‘n Begroting moet dus nie as ‘n rigiede, vaste plan beskou word nie, maar wel as ‘n bestuurshulpmiddel. Meegaande gemiddelde begrotings kan dus tussen verskillende gebiede en tussen verskillende boerderye verskil.

Produksiekoste van droëlandkoring

Tabel 1 toon die droëlandkoringvertakkingsbegroting vir die westelike, suidelike en oostelike Rûens vir die 2015/2016-produksieseisoen.

Vir ‘n langtermyn gemiddelde opbrengs van 2,6 ton/ha beloop die totale toegewese veranderlike koste R5 192/ha. Die berekende vaste koste is R1 380/ha. Die totale koste van produksie beloop dan ongeveer R7 140/ha, soos aangedui in Tabel 1.

Vir ‘n gemiddelde langtermynopbrengs van 2,6 ton/ha, met ‘n totale produksiekoste van R7 140/ha, beloop die netto marge R299/ha.

Tabel 2 toon die sensitiwiteitsanalise met verskillende produsentepryse en opbrengste van droëlandkoring met ‘n totale produksiekoste van R7 140/ha, soos aangedui in Tabel 1.

TABEL 1: VERTAKKINGSBEGROTING VIR DROËLANDKORING (MINIMUMBEWERKING) IN DIE RÛENS.

Opbrengs (ton/ha)	2,6
Produsenteprys (R/ton)	R2 861
Bruto produksiewaarde (R/ha)	R7 439
Toegewese veranderlike koste (R/ha)	
Saad	R569
Bemesting	R1 692
Spoorelemente	R76
Onkruidodders	R618
Swamodders	R514
Insekodders	R119
Kontrakwerk/grondontledings/kartering	R243
Bemaking	R206
Versekering	R26
Waterkoste	R16
Brandstof	R590
Herstel en onderhoud	R523
Totale toegewese veranderlike koste (R/ha)	R5 192
Bruto marge (R/ha)	R2 247
Vaste koste (R/ha)	R1 380
Depresiasie	R568
Totale produksiekoste (R/ha)	R7 140
Netto marge (R/ha)	R299

Tabel 3 toon die droëlandkoringvertakkingsbegroting vir die middel van die Swartland vir die 2015/2016-produksieseisoen.

Vir ‘n langtermyn gemiddelde opbrengs van 2,8 ton/ha beloop die totale toegewese veranderlike koste R5 285/ha. Die berekende vaste koste is R1 065/ha. Die totale koste van produksie beloop dan ongeveer R7 315/ha, soos aangedui in Tabel 3.

Vir ‘n gemiddelde langtermynopbrengs van 2,8 ton/ha, met ‘n totale produksiekoste van R7 315/ha beloop die netto marge R696/ha.

Tabel 4 toon die sensitiwiteitsanalise met verskillende produsentepryse en opbrengste van droëlandkoring met ‘n totale produksiekoste van R7 315/ha, soos aangedui in Tabel 3.

Produksiekoste van kanola

Tabel 5 toon die kanolavertakkingsbegroting vir die westelike, suidelike en oostelike Rûens vir die 2015/2016-produksieseisoen.



Die totale toegewese veranderlike koste vir kanola met 'n langtermynopbrengs van 1,5 ton/ha beloop R4 897/ha. Die totale vaste koste beloop R1 380/ha en die totale koste van produksie beloop R6 845/ha.

Vir kanola met 'n gemiddelde langtermynopbrengs van 1,5 ton/ha en met 'n totale produksiekoste van R6 845/ha, is die netto marge -R245/ha.

TABEL 2: SENSITIEWEITSANALISE VIR DROËLANDKORING NÁ TOTALE PRODUKSIEKOSTE (R7 140/HA) (NETTO MARGE).

OPBRENGS		PRODUSENTEPRYSE (R/TON)				
ton/ha	R2 650	R2 700	R2 800	R2 850	R2 900	R2 950
2,6	-R250	-R120	R140	R270	R400	R530
2,8	R280	R420	R700	R840	R980	R1 120
3,0	R810	R960	R1 260	R1 410	R1 560	R1 710
3,2	R1 340	R1 500	R1 820	R1 980	R2 140	R2 300

TABEL 3: VERTAKKINGSBEGROTING VIR DROËLANDKORING (MINIMUMBEWERKING) IN DIE SWARTLAND.

Opbrengs (ton/ha)	2,8
Produsenteprys (R/ton)	R2 861
Bruto produksiewaarde (R/ha)	R8 010,80
Toegewese veranderlike koste (R/ha)	
Saad	R680
Bemesting	R1 893
Spoorelemente	R90
Onkruidodders	R735
Swamdoders	R210
Insekodders	R160
Kontrakwerk/grondontledings/kartering	R308
Bemarking	R110
Versekering	R33
Waterkoste	R16
Brandstof	R550
Herstel en onderhoud	R500
Totale toegewese veranderlike koste (R/ha)	R5 285
Bruto marge (R/ha)	R2 726
Vaste koste (R/ha)	R1 065
Depresiasie	R965
Totale produksiekoste (R/ha)	R7 315
Netto marge (R/ha)	R696

Begrotings vir koring- en kanolavertakkings bestudeer

TABEL 4: SENSITIWITEITSANALISE VIR DROËLANDKORING – SWARTLAND NÁ TOTALE PRODUKSIEKOSTE (R7 256/HA) (NETTO MARGE).

OPBRENGS	PRODUSENTEPRYSE (R/TON)					
ton/ha	R2 650	R2 700	R2 800	R2 850	R2 900	R2 950
2,6	-R425	-R295	-R35	R95	R225	R355
2,8	R105	R245	R525	R665	R805	R945
3,0	R635	R785	R1 085	R1 235	R1 385	R1 535
3,2	R1 165	R1 325	R1 645	R1 805	R1 965	R2 125

TABEL 5: VERTAKKINGSBEGROTING VIR KANOLA (MINIMUMBEWERKING) IN DIE RÛENS.


Opbrengs (ton/ha)	1,5
Produsenteprys (R/ton)	R4 400
Bruto produksiewaarde (R/ha)	R6 600
Toegewese veranderlike koste (R/ha)	
Saad	R758
Bemesting	R1 565
Spoorelemente	R57
Onkruidodors	R704
Swamdors	R56
Insekdors	R439
Kontrakwerk/grondontledings/kartering	R158
Bemarking	R73
Versekering	R26
Waterkoste	R13
Brandstof	R549
Herstel en onderhoud	R499
Totale toegewese veranderlike koste (R/ha)	R4 897
Bruto marge	R1 703
Vaste koste (R/ha)	R1 380
Depresiasie	R568
Totale produksiekoste (R/ha)	R6 845
Netto marge (R/ha)	-R245

TABEL 6: SENSITIWITEITSANALISE VIR KANOLA NÁ TOTALE PRODUKSIEKOSTE (R6 845/HA) (NETTO MARGE).

OPBRENGS	PRODUSENTEPRYSE (R/TON)					
ton/ha	R4 200	R4 250	R4 300	R4 350	R4 400	R4 450
1,4	-R965	-R895	-R825	-R755	-R685	-R615
1,6	-R125	-R45	R35	R115	R195	R275
1,7	R295	R380	R465	R550	R635	R720
1,9	R1 135	R1 230	R1 325	R1 420	R1 515	R1 610



SA Graan/Sasol Chemicals (Kunsmis) fotokompetisie



Tabel 6 toon die sensitiwiteitsanalise met verskillende produ-sentepryse en opbrengste van kanola met ‘n totale produksiekoste van R6 845/ha, soos aangedui in Tabel 5.

Tabel 7 toon die kanolavertakkingsbegroting vir die middel van die Swartland vir die 2015/2016-produksieseisoen.

Die totale toegewese veranderlike koste vir kanola met ‘n langtermynopbrengs van 1,5 ton/ha, beloop R4 667/ha. Die totale vaste koste beloop R1 065/ha en die totale koste van produksie beloop R6 697/ha.

Vir kanola met ‘n gemiddelde langtermynopbrengs van 1,5 ton/ha en met ‘n totale produksiekoste van R6 697/ha is die netto marge -R97/ha.

Tabel 8 toon die sensitiwiteitsanalise met verskillende produ-sentepryse en opbrengste van kanola met ‘n totale produksiekoste van R6 697/ha, soos aangedui in Tabel 7.

TABEL 7: VERTAKKINGSBEGROTING VIR KANOLA – TT-KULTIVAR (MINIMUMBEWERKING) IN DIE SWARTLAND.

Opbrengs (ton/ha)	1,5
Produsenteprys (R/ton)	R4 400
Bruto produksiewaarde (R/ha)	R6 600
Toegewese veranderlike koste (R/ha)	
Saad	R928
Bemesting	R1 453
Spoorelemente	R90
Onkruidodders	R750
Swamdoders	R70
Insekdoders	R160
Kontrakwerk/grondontledings/kartering	R203
Bemarking	R35
Versekering	R30
Waterkoste	R16
Brandstof	R446
Herstel en onderhoud	R486
Totale toegewese veranderlike koste (R/ha)	R4 667
Bruto marge	R1 933
Vaste koste (R/ha)	R1 065
Depresiasie	R965
Totale produksiekoste (R/ha)	R6 697
Netto marge (R/ha)	-R97

TABEL 8: SENSITIWITEITSANALISE VIR KANOLA – SWARTLAND NÁ TOTALE PRODUKSIEKOSTE (R6 845/HA) (NETTO MARGE).

OPBRENGS ton/ha	PRODUSENTEPRYSE (R/TON)					
	R4 200	R4 250	R4 300	R4 350	R4 400	R4 450
1,4	-R817	-R747	-R677	-R607	-R537	-R467
1,6	R23	R103	R183	R263	R343	R423
1,7	R443	R528	R613	R698	R783	R868
1,9	R1 283	R1 378	R1 473	R1 568	R1 663	R1 758 ■